
# OPSAAL



november 2004

# OPSAAL

Jaarblad van die Berg en Dal Voetslaanklub

November 2004

INHOUD


| Bl | | Bl | |
|---|---|---|---|
| 3 | Die Camdebo | 11 | Mons Ruber |
| 4 | Stilbaai | 12 | Voetslaan by Graaf-Reinet |
| 5 | Rooi Koppe | 15 | Limietberge |
| 6 | Cape of Good Hope | 16 | Kaapse Draai |
| 7 | Oude Muragie | 17 | B- Aand |
| 9 | Keurbooms | 19 | Hermanus |
| 9 | Vrugtefingers | 21 | Waar ons oral was |
| 10 | Boereaand | 23 | Erkennings |


## Van die Voorsitter

'n Kort terugblik oor die gebeure die afgelope jaar.
Die volgende nuwe lede het aangesluit , Ani Kuronen, Christina Smit, Jeanette Swanepoel en Veasta van Niekerk, Weereens welkom

Ons dink ook met medelye aan die heengaan van Rufane van Rensburg een van ons veteraan stappers en Billy, Coleen Terblanche se eggenoot. Hennie Mouton bly vir ons almal 'n inspirasie om na so 'n groot operasie so gou weer aktief te stap.

Dinsdag stappe met 'n gemiddelde bywoning van 18 stappers blyk meer gewild as die Saterdag stappe met 'n gemiddelde van 10 stappers te wees. Die eerste Dinsdag van die maand stap ons 'n groter draai en neem dan 'n fles tee en 'n iets te ete saam wat ons dan op 'n uitsoek plekkie geniet.


Ons wegstappe was elkeen 'n belewenis en 'n groot hoogtepunt. Om lede te akkommodeer wat nie meer rugsak wil dra nie Het ons die jaar veral gekonsentreer op dagstappe, wat ook baie goed bygewoon is.

Ons sosiale byeenkomste was ook goed verteenwoordig en elkeen baie gesellig, ons dink veral aan die ete by Allan en Carlien, die bring en braai by Oosie en Meisie asook by Lenie en dan was daar ook die "B" aand.

Met 'n komitee wat heerlik saamwerk streef ons daarna om 'n stapprogram daar te stel wat almal akkommodeer. Kom saam en geniet die geselskap.



# Die Camdebo in die Groot– Karroo



Dat voetslaan in die Camdebo
Kan heerlik wees kan jul my glo
Veral met iemand soos Jeannette
Wat die wêreld ken by GraafF-Reinet

'n Staptoer puik deur haar gereël
Was so vervullend in geheel
Ons het dit gate uit geniet
Wat hierdie mooi omgewing bied

Ons tuistes was in B&B
So haas verniet aan ons gegee
Deur vriende wat ons glad nie ken
Tog het hul ons totaal verwen.

Die Vallei van Verlatenheid
Wek dadelik by ons aptyt
Swaar rotspilare ryk omhoog
En is 'n lus vir elke oog.

Die rotsblokke waaroor ons gaan
Soos ons ontspanne daar rondstaan
Is diep gekraak stukkend geskeur
Deur eeue se wind en weer.

Dan eensklaps flits daar iets verby
Dis witkruise wat windstroom ry
Een oomblik nog in wilde vlug
Word skielik stilstaan in die lug
So asof hul ons wil trakteer
En ons van windry iets wil leer.

Sonsondergang verruklik mooi
Word in die weste ge-ontplooi
En laat ons net daar doodstil staan
Totdat die dag te ruste gaan.

Dag twee besoek ons toe Drie Koppen
Per 4X4 en daar gestoppen
Klim ons nog hoër maar te voet
Tot wye wydtes ons begroet
Daar gunter ver doer aan ons voet
Ook kwaggas, koedoes en veel meer
Het ons met hul vertoon vereer.

Hierna stap ons die Gatsrivier
Dis 'n Visrivier in miniatuur
By uitstek dink ons hier veral
Aan die rustige eet by die waterval
Ook dit was natuurprag gewees
Verrykend vir liggaam en vir gees

En dan as klimaks van die tog
Was Kompasberg tog nie so erg
Van bo af kon ons oral kyk
Reg rondom niks kon ons ontwyk.

As panoramies iets kan sê
Was dit die sig wat om ons lê
En bring ons net nog weer 'n keer
Ons diepste dank aan ons **Skepper Heer.**

Faan Strauss
Mei 2004

# Toutrek op Stilbaai

Gaan stap op Stilbaai En ons kon nooit raai Wat op
ons wag net om die draai

Dis nie net rotse en sand, maar 'n tou
En sommer gou het ons 2 spanne wat klou
En trek, maar Bert en kie het almal vinnig stokflou

Lenie en Lina probeer nog aanpor en praat mooi Maar te laat; Hennie en kie
moet maar tou opgooi

Laat niemand weer sê al wat ons doen, is stap en hap Nee, ons weet ook van
stewels in die sand kap.

Christine.





# Rooikoppe

( "Mons Ruber" in Latyn)

Op Saterdag 11 September 2004 het 18 stappers van Berg-en-Dal Voetslaanklub om 6:30 vanaf George vertrek na Mons Ruber en later dieselfde dag na Oudemuragie gasteplaas, waaroor ek later gesels.

Ons klompie was lus vir stap en wou graag die pragtige Rooikoppe gaan verken. Reg aan die begin van die roete staan daar toe 'n man wat homself as gids aanbied , want hy sê "hy kan". Ons vertel hom toe mooi ons het hom nie nodig nie – met roeteplan in die hand lyk sy voete oorbodig – maar hier reg aan die begin raak die pad toe duister. Gelukkig staan ons stil om na ons leiers te luister. Daarna hou ons die pad met gemak. Hoewel baie van ons op ons boude moes sak.

Die roete was maar taamlik skurf by tye , maar wat 'n voorreg om dan te kan stilstaan en net te bewonder. Die uitsig van bo oor die Swartberg voetheuwels was onbeskryflik mooi. Daar was 'n groot verskeidenheid plantegroei: vygies plakkies, Renosterbos, wildemalva en dan die Klapperbosse. Wat 'n gesig! Die terugtog deur lappe vygies en blomme het ons aan Namakwaland herinner. Daarna het almal wynkenner gespeel en Mons Ruber se wyne geproe en kon ons ook 'n paar bottels aankoop vir wanneer ons later sou dors raak. Dit was 'n goeie opwarmstappie vir ons volgende ervaring op Oudemuragie gasteplaas vir die res van die naweek.


Voor ek vergeet, nog net gou dit – die mangids het ons tog agternagesit. Oor en oor sê hy toe, " Ek het mooi oopgemaak". Maar ons almal sien hy het heel uitgehaak. Jammer vir hom was ons almal toe stom - en moes hy maar self opdok om 'n bottel by te kom.

Anna van Niekerk

*Die kers wat jy aansteek om 'n ander te lei*
*sal ook vir jou van sy vlam se hitte laat*
*kry.*

# Cape of Good Hope Staproete

Die twee-dag sirkelroete begin by die hoofingang van die Kaappunt Nasionale Park. Die voetpad neem jou in 'n westelike rigting deur die allermooiste fynbos tot by Rooihoogte baken vanwaar daar 'n mooi uitsig op die omgewing is.
Die voetpad draai dan effe meer suid na die vlei en aan tot by die Atlantiese oseaan waar jy kuslangs stap tot by Pegram's punt.
Daar het die stapper 'n keuse: kortpad van 1,5 km tot by die hut, of die langer roete van 6 km met van die mooiste uitsigte op die kuslyn.
Na 17,6 km het die Berg-en-Dal stappers eenparig besluit op die kortpad.
Die dag het begin lank raak en die stappers was moeg - toe die gille hulle bereik. Een van hulle het op 'n reuse pofadder afgekom en baie groot geskrik. die laaste deel van die kort pad is 'n styl geteerde opdraande, maar gou was almal by die hut wat twee kamers bied, 'n kombuis met gasstoof en badkamer met warm water.
Van die hut af het die stapper 'n panoramiese uitsig, veral oor Valsbaai.
Na 'n mooi sonsondergang kon hulle hulself verlustig in die flikkerende liggies van die baai.
Die volgende oggend het van hulle die voetpad terug-gestap oor die kop agter die hut tot by Kaappunt. Daar het hulle 'n deel van die plank-pad gestap en die mooi uitsigte op die ruwe kuslyn geniet.
Hulle kon egter nie te lank talm nie, want die roete van 11,3 km het nog voorgelê.
Die roete neem jou al op die rand langs met ongelooflike uitsigte oor die see, terug tot by Kaappunt, en vorentoe sover jy kyk, was dit net blouselblou lug en wit skuimende seewater wat dieper, groen-blou deurskynend vertoon het.
Die staproete neem jou verby "Homestead" inligtingsentrum en aan na Kanonkop. Die kanon is nog daar en is gedurende die Britse besetting van die Kaap gebruik om Simonstad te sein wanneer skepe in Valsbaai gearriveer het.
Vandaar daal jy om net nog 'n kop of drie oor te werk tot by Smitswinkelbaai, waar die roete wegdraai van die see af en 500 m verder eindig by die hoofingang
Die park is 'n flora-paradys met meer as 1 080 opgetekende spesies waarvan 14 endemies tot die gebied is.
Die groep het ook Fauna soos bontebokke en duikers gesien, asook 'n verskeidenheid voëls soos die volstruis en suikerbekkies. Voorwaar 'n roete om aan te beveel.



Rose Kuyper



# Oude Muragie en ons

Saterdag middag na die wynproe op "Mons Ruber" het ons gasvrou vir die naweek, Maggie Fourie, ons kom kry en vooruitgery na ons volgende heerlike ondervinding: 'n vooruitsig na 'n middagmaal van Roosterkoek, Aswors en moerkoffie bo in die berg by 'n bakkrans met Boesmantekeninge teen die wande. Die Aswors was vir almal 'n eerste. Maggie se man, Jan, het reeds vuurgemaak en toe ons daar aankom was die kole net reg. Hy het die wors direk op die kole geplaas en baie vinnig – net twee minute aan 'n kant – was die wors gaar en het ons heerlik gesmul! Nadat almal ook heerlik koffie gedrink het – swart en bitter – het die melk en suiker onder uit die mandjie te voorskyn gekom.


Ons is daarna af na die plaasopstal waar ons oornag akkommodasie uitgewys is. Een van die vier getroude pare kon deur 'n verspoeg kompetisie aanspraak maak op die Honeymoon Suite. Dick het uitgehaal en so vir hom en sy Rose die "alleenwees" gewen. Ons ander het ingetrek in pragtige vyfster selfsorg huise. Die drie getroude pare in een en ons ander tien in die groot huis Bergsig – pragtig en gerieflik. Almal het toe afgepak en die wat wou het gaan stap op verskillende kort roetes daar om die opstal.

Saterdagaand was almal bymekaar by Bergsig waar die manne die vuur aangepak en vir almal gebraai het, terwyl die vrouens slaaie en bykosse aanmekaar geslaan het wat weereens deur Carmen Niehaus in Huisgenoot se Wenresepte kon pryk. Mense! En toe was daar gesmul, gekuier en grappe vertel. Annie het later die sangbundels uitgehaal. Faan is aangesê om in te sit en los te trek en almal het gejuig in sang. Heerlik! Heerlik! Later het Nellis vir ons vooruitgegaan sommer net daar in sy stoel en het ons almal gaan nesskop vir die nag.

Sondagoggend was dit toe 'n eerste vir die Berg-en-Dallers toe ons eers om 8:30 vm begin stap het aan 'n roete van 16 km wat ons bo by die pragtige waterval sou uitbring. Maar die laat was 'n moet! want Maggie moes eers een vir een aandag en kos gee aan al haar hanslammers wat elkeen op sy naam nader geroep was. Die roete was "maklik" en die steiltes platter gemaak deur stilstaan en verwonder, want die uitsig was ongelooflik mooi. Ons het later langs 'n pragtige rivier afgepak en "gebrunch". – dit was heerlik! Toe verder berg uit na die waterval. Hier het Joey weereens vir almal gewys hoe dit gedoen word. Joey, jy is my "hero". By die waterval aangekom is almal wonderbaarlik oor die gladde rotse gehelp deur die waaghalsige sterkeres. Baie, baie dankie julle! Na 'n heerlike middagete en foto's wat "gemaak"is ,volgens Lenie, het ons die terugtog begin, wat skielik baie lank geword het, maar gelukkig het Pieter se GPS gereeld vir ons kon inlig dat ons wel vorder.

By die opstal aangekom was almal baie traag om op te pak en die mooi daar te los. Heelwat later het almal toe vir Maggie by die swembad bedank vir haar wonderlike gasvryheid, waar sy aan Joey 'n prys oorhandig het vir die stapper wat die grootste indruk op haar gemaak het. Geluk, Joey! Ons is almal opreg bevoorreg om jou te ken. Die wegry van Oude Muragie sal ge-ets bly in elkeen van ons wat teruggekyk het, want daar op 'n koppie ver bo die pad staan Maggie met 'n groot wit laken en waai vir almal Tot Siens. Maar wees verseker, Maggie, ons sien jou weer!

Om op te som: 'n Naweek om te koester en te onthou en dit so na aan die huis! Ons moet dadelik begin reël vir weer 'n keer, want julle ouens wat uigemis het moet net saamgaan.
Anna van Niekerk






# Oppie-affie-oorrie Bult

So gaan ons na Keurbooms by die sea innie kar, en so bly pety innie huis oppie bult en pety innie tente oppie grond.
En so braai ons 'n vlysie oppie kole en sing 'n liekie innie huis.
En so is dit die volg ende dag wat ons stap oppie strand en innie bos.
So kom ons oppie bult.
So moet ons weer affie bult met dysende trapies.Hie het Tannie Joey baaie goed gedoen.
Toe is ons weer innie pragtage bos met baaie groot Koljanders.
So biekie later het ons ook geswem innie seee en so byt 'n bloublaas Annette oppie been. Sy smeer toe groen plant op virrie pyn.
Nog later het ons weer gebraai oppie kole en gesing innie huis.
Toe slaap ons innie huis en oppie grond.
So loop hulle weer oppie strand en swem innie see.
Daarna moes ons weer hystoe innie karre.
Wilna Albertyn

# Anna se Vrugtefingers)

500 gr. droëvrugte mengsel
250 ml suiker
250 ml water
2 eetlepels Maizena

Verhit tot kookpunt. Kook en roer vir 5 minute op medium hitte. Laat afkoel en voeg 125 ml brandewyn by.



Kors:
250 gr. botter of margarine
200 gr. strooisuiker
2 ekstra groot eiers
15 ml vanielje essens
525 gr. koekmeel
20 ml bakpoeier
sout

Voorverhit oond tot 180 grade. Meng botter, suiker en eiers goed. Voeg vanielje by. Voeg meel, bakpoeier en sout by eiermengsel en meng tot sagte ferm deeg. Gebruik Maizena om regte tekstuur te kry indien deeg nie styf genoeg is nie.
Druk die helfte van die deeg in 'n gesmeerde oondbraaibak of groot rolkoek pan. Smeer vrugtevulsel egalig oor. Rasper die ander deeg bo-oor. (Terwyl ek die deeg in die pan druk , plaas ek solank die ander deeg in die vrieskas – dit rasper dan baie makliker.) Bak ongeveer 25 minute by 180 grade C of tot mooi ligbruin. Sny in vingers wanneer heeltemal afgekoel het. Sif versiersuiker oor. Hierdie vingers vries baie goed in lugdigte houers. Geniet!

# Ons hou Boere-aand met al sy B's

Een ding is seker, as die Berg-en-Dallers 'n ding doen dan hang hulle behoorlik uit. So was dit dan ook op 21 Mei 2004. Die Rolbalklub was weereens die gesogte plek en teen die tyd dat die gaste daar opgedaag het, was die saal reg vir 'n heerlike saamkuier. Dankie Christine en jou helpers vir tafels en stoele uitsit en tafelversierings. Sulke dinge gebeur nie net nie; dit word gedoen.


Die tema vir die aand was **B** vir **B**oere-aand en alles wat met **B** begin. So het die stappers aangekom as **B**oemelaars , **B**loues en **B**erg-en-Dallers. Die gees was reg en almal het deelgeneem aan die gesellige **B**oeresport en **B**reikompetisies – **B**aie **B**esonders.

**B**inne het die **B**uffettafels gedreun onder die swaargelaaide **B**'s, soos voorberei deur die **B**erg-en-Dallers, wat weet hoe!

Daar was disse van **B**edelbroodjies tot **B**obotie, **B**oontjieslaai en verskeie **B**redies voorgesit saam met heerlike **B**rode, **B**otter en **B**yekonfyt (Heuning) Daarna is daar weggelê aan **B**oerekoeksisters, **B**olle van olie en nog **B**aie **B**ekaflek lekkertes, afgerond met **B**oeretroos. Om die kos **B**ehoorlik te laat sak, was die sang **B**undels uitgehaal en daar was **B**aie lustig saamgesing aan al die **B**ekende **B**oeredeuntjies. Faan sit in en ons ander volg; wanneer die noot te hoog was het ons hom self laat sak, maar gesing was daar gesing.

Dit was weereens 'n heerlike aand van lekker kuier met **B**aie goeie vriende.

Anna van Niekerk




Annie val uit haar kassie



# Mons Ruber en Oude Muragie

Om 6.30 vertrek 18 van ons vanaf die Wit kerk in George na De Rust , waar ons om 08h00 by Mons Ruber aankom. Dit is 'n ou gebou wat eens 'n hotel was. Aangesien die plek nog gesluit is, stap ons af met die pad langs om op te warm vir 3 ½ km. Om 09hoo is ons terug by die gebou waar ons permitte bekom om na die Rooikoppe te stap, 'n afstand van 6 km. Die roete lei tot bo by die koppe wat baie interessant is, maar die voetpad laat veel te wense oor. Om 12h30 kry Maggie Fourie ons te Mons Ruber en ons volg haar op die Oude Muragie pad en sy neem ons na 'n grot in die Rooikoppe, waar daar dowwe Boesmantekeninge is. Sy onthaal ons ook hier op asgebraaide wors en roosterkoek. Dit is 'n pragtige plek om te kamp; daar is 'n klein fontein en suiping vir vee. Ons word nou na hul plaas geneem waar ons in netjiese gastehuise gehuisves word. Ons, Faan, Mathie, Pieter en Diana word in een huis met drie slaapkamers gehuisves. Alles baie netjies. Ons betaal R70.00 p.p. per nag en daar is alles in , van seep, handdoeke ens. Die middag om 3h30 gaan stap ons die Aalwynroete – ongeveer 2 km. Ons het 11 km vir die dag gestap. Die aand braai ons saam vleis en word daar gesing. Die aalwynroete is slegs 'n voetpad oor die koppe bokant die plaas van waar ons oor die lusernlande afkyk, waar ongeveer 200 ooie met lammers wei. 'n Mooi gesig!
12 September. Vanoggend begin ons eers om 8h30 stap. Dit sluit die volgende stappers in:die uwe en Annie, Faan, Mathie, Dick, Rose, Pieter, Diana, Lynette, Jeanette, Anette, Lenie,Christina, Barry, Nellis, Joey, Lina en Anna. Ons stap met 'n grondpad deur die vallei – rigting Oudtshoorn – en draai dan regs oor 'n damwal met 'n plaaspad in die vallei op. Groen koring lande is nou op ons regterhand met die Swartberge in die agtergrond. Ons stap ongeveer 4 km met die kloof op en dit word nouer totdat die pad 'n voetpad word. Ongeveer 40 meter verder loop die voetpad dood en is daar 'n klein waterval onder 'n groepie wilde Amandelbome, waar ons middagete geniet. Maggie het tot by die einde van die pad met haar bakkie gekom. Ons het ongeveer 'n 100 m in die kloof opgestap. Ons almal stap terug , behalwe Nellis wat saam met Maggie terug ry. Ons neem 'n kortpad terug en is net na 14h00 tuis. Na 'n lekker stort keer ons terug huis toe. Maggie staan op 'n hoogte bokant hulle plaas en waai ons totsiens toe met 'n wit tafeldoek. Ons ry met die grondpad terug wat by die Kangogrotte pad aansluit en is net na 17h30 tuis. Ons het ongeveer 25 km die naweek gestap, maar die uitstappie was die moeite werd.




**Hennie Mouton**

# Voetslaan te Graaff-Reinet


Op 27 Mei 2004 vertrek Faan, Mathie , Annie, Hennie Jeanette Kingwill, Bert, Sonja, Lenie, Piet, Rose en Dick na Graaff-Reinet, waar ons om 12h30 aankom. Ons gaan tuis in oornag wonings van Clare Sheard. Alles is baie gerieflik en dit is absoluut stappersweelde. Alle geriewe is beskikbaar en dit teen R40.00 p.p nag, danksy die organiseringsvermoë van Jeanette Kingwill.

Die namiddag gaan stap die groep in die Vallei van Verlatenheid, met sy uitsonderlike rotsformasies. Van hier kyk ons af op Graaff-Reinet, genestel in die perdeskoen van die Sondagsrivier .. Ons is bevoorreg om twee Witkruisarende te sien wat oor die vallei sweef. 'n Pragtige sonsondergang sluit die uitstappie volmaak af.

Die oggend van die 28ste sluit Annette, Lynette en Wilna by ons aan. Hulle moes vroeg vanaf George vertrek het, want om 08h00 vertrek die groep met twee 4x4 voertuie na Driekoppen voetslaanroete. Die roete is geleë op die berge aan die oostekant van die dorp. Walter Murray leen ons sy 4x4 voertuig. Ek bestuur met 6 passasiers op die bak. Ons is skaars uit die dorp of daar moet na viertrek oorgeskakel word. Die pad is baie sleg en die Waaihoek oornag hut bo-op die berg kan slegs per 4x4 voertuig of per voet bereik word. Na 'n uur bereik ons die hut wat in 'n natuurreservaat geleë is. Vanaf die hut stap die groep deur 'n vlak vallei na die plato en ons is gelukkig om 12 bergsebras asook vaalribbokke, rooihartbeeste en koedoes te sien.



Die plantegroei bestaan hoofsaaklik uit Doringbome, Karroobossies en gras. Die diere is in 'n mooi kondisie. Die groep verwyl 'n wyle op Hangklip (1482 m) vanwaar ons 'n panoramiese uitsig op Graaff-Reinet en die omgewing het. Ons volg die platorand 'n afstand en swaai toe terug na die binneland. Ons tyd was te beperk om al die roetes te doen maar sal weer hierheen wil terugkeer.



Om 06h30 op die 29ste vertrek ons groep na die plaas Bloemhof van Ann en Walter Murray. Hierdie plaas is reeds in besit van die Murrays sedert 1898. Een van die grootste besproeiings damme, in privaat besit, in die suidelike halfrond is op hierdie plaas geleë.


Dit is nog koud toe die Murray familie ons na die plaas Schoonberg begelei Hiervandaan stap ons met die Gatsrivier ,onder leiding van Ann Murray. Op die plaas Schoonberg het 'n familie Burger gewoon. Volgens Thomas Pringle, wat die plaas in 1845 besoek het,het hierdie familie eetgerei, insluitende kristalglase vir 34 persone besit, wat uitsonderlik was. Ons was stokstyf van die koue toe 'n groep van ons van die oop bakkie afklim.

Die Gatsrivier is 'n Visrivier in die kleine behalwe dat die water kristal helder is en die ravyn/kloof oorgroei is met plantegroei. Ons geniet eers ontbyt om die koue uit ons gestel te kry. Na ontbyt word daar flink gestap - die rivier af. Die kloof word al dieper en wildspore word langs die rivier gevind. Die viervingerrots in miniatuurvorm is ook sigbaar. Ons geniet 'n vroeë middagete onder 'n 30 m hoë waterval. Die poel onder die waterval is aanloklik vir die swemmers, maar die weer speel nie saam nie. Die plantegroei word al digter laer af in die rivier en die uwe sny vir hom 'n kareekierie.
Om 16h00 uur vind ons Walter waar die pad die Gatsrivier te Louwskraal kruis. Hy vergas ons op vars lemoene en lemoensap. Hy vertel ons dat die ontdekkingsreisiger , Burchell, omstreeks 1800 te Louwskraal siek geowrd het en dat die inwoners van Graaff-Reinet hom daar besoek het. Sy volgelinge het ook hier 'n pad gebou. Walter is jaloers besitlik op Louwskraal en laat slegs persone toe wat noodsaaklik hier moet wees, ten einde die natuur te beskerm. Ons is nou

15, saam met Walter plus twee plaashonde, wat op een oop bakkie moet ry. 'n Pap wiel vertraag ons en die gevolg is dat ons die aand half verkluim te Bloemhof aankom.

Ons vertrek onmiddellik na Weltevreden gasteplaas van Judy en Howard Sheard, waar ons gerieflik gehuisves word. Na 'n warm stort geniet ons 'n heerlike ete deur Judy voorberei.

Die oggend van 30 Mei is dit spierwit geryp toe ons met twee 4x4 voertuie na Kompasberg ( 2505 m) vertrek. Jeanette, ons leier en organiseerder, is die oggend siek en kan ons nie vergesel nie. Ons word egter vergesel deur Jeff en Janet wat ook hulle voertuig beskikbaar stel. Om 10h45 begin ons die berg klim. Ons moet self 'n weg vind en dit is omtrent 'n glip-en-gly tot op die eerste plato, waar ons klipstapels kry. Daarvandaan is dit 'n geklouter en geklim oor rotse tot bo-op die piek. Vanaf die piek het ons 'n panoramiese uitsig oor die omgewing. Ons volg 'n makliker roete die berg af en bereik die voet sonder probleme.
Ons ry terug na Nieu-Bethesda om Kompasberg uit 'n ander hoek te sien.



Die nag bly ons weer te Weltevreden oor. Na 'n heerlike ontbyt die volgende oggend keer ons terug na George. Te Nieu-Bethesda word die Uilhuis besoek.


Baie dankie aan Jeanette Kingwill wat hierdie toer vir ons georganiseer het. Die verblyf was goedkoop en absoluut puik.

Hennie Mouton.

# Limietberge 23-24 April 2004

Die Berg-en-Dallers het besluit om die Limietberg roete te stap. Die voetslaanpad begin by die Hawekwasbosboustasie en volg die bosboupad deur denne plantasies vir ongeveer drie kilometers. Hierdie steil klim tot op Du Toitskloofpas is nie die moeite werd om te stap nie, tensy die stapper in Bosbou belangstel. Hierdie gedeelte kan vermy word deur vanaf die Du Toitskloofpas se piek te begin stap. Vanaf hier is proteas en ander fynbos volop. Ons was gelukkig om hier 'n klipspringer gesinnetjie te sien. Die twee bokkies het ons aandag probeer weglei van die lam. Die lam se twee bakoortjies tussen die fynbos het egter sy teenwoordigheid verraai.


Die roete lei die Stapper in 'n kloof af in die Witteberge, waar Cineroide proteas volop is. Hierdie proteas is nou in volle blom. Ek het tien blomme aan die struik getel, die grootste wat ek nog ooit gesien het. Die kameras het warm geword om al die skoonheid in foto's vas te lê. Die roete lei verby Junction poele in die Witterivier, waar die Stapper op 'n warm dag heerlik kan ontspan. Die water in die rivier is kristal helder en heerlik om te drink. Vanaf hierdie poele is dit nog 4 km na Eerste Tol hut. Die roete volg nou 'n tweespoor pad bokant die rivier en kruis die kanaal van Gawie-se-water, wat deur soliede rots die water uit die Witterivier na Wellington omgewing lei. Vanaf die roete kyk die Stapper af op Bainskloofpas en Wellington op 'n afstand. 'n Gedenk naald is langs die pad vir vier studente opgerig wat op 23 Mei 1895 in die Witterivier verdrink het. Die oornag hut is ongeveer 30 meter bokant die Witterivier geleë, waar heerlik gebad word in die koue bergwater.
Dag twee is ons genoodsaak om met die ou geskiedkundige Bainskloofpas na Tweede Tol te stap, omrede die 2de dag se roete gesluit is. Alhoewel dit 'n teleurstelling was, is die pas en kloof pragtig.
Hierdie roete tussen Du Toitskloof en Bainskloof is 'n gerieflike dagstap indien Stappers in Du Toitskloof afgelaai en op Bainskloof opgelaai word.



Hennie Mouton

# 'n Kaapse Draai

Nege stappers van die Berg-en-Dal Voetslaanklub net gedurende April 'n uitgebreide staptog onderneem wat: hulle onder meer deur die Kogelberg, Tafelberg, Kaappunt en Lemietberg Natuurreservate gelei het. Die Kogelberg is geleë tussen Kleinmond en Bettiesbaai. Dit was 'n besondere hierdie pragtige en in aangevul met bruisend vorige nag se reën te stap. Dit bevat baie fynbosspesies wat endemies. en die diversiteit van die grootste ter wêreld. Pragtige protea-, restio en ericaspesies in die ongerepte Louws- en Palmietrivier valleie was 'n ware lus vir die oog en kan beskou word as die hoogtepunt van die Kogelbergvoetslaanpad. Die Berg-en-Dallers het ook Kirstenbosch botaniese tuin aangedurf. Die roete via Skeleton Gorge begin in 'n kloof met reuse ou amandelhoutbome en 'n kabbelende waterstroom. Die roete is duidelik uitgelê met houtlere op die moeilikste plekke.
Hoewel dit net 4 km tot bo is, neem dit meer as twee uur, dan nog ongeveer 'n uur tot by "Maclear's Beacon" met 'n hoogte van 1 085 m. Die roete is ook bekend as die Smutsroete, vernoem na genl Jan Smuts wat gereeld hier uitgestap het tot sy tagtigste jaar. Die panoramiese uitsig is 'n beloning.
Die terugtog is gedoen langs die makliker "Nursery Ravine" wat in Kirstenbosch eindig.
Faan en Annette



# 21 Mei 2004 Die B Aand

Boeresport...Baldadig...Blou...Bobotie...Bergie...Boer...Byekonfyt...

So met die aankoms is die stappers in die Blou en Bruinspan ingedeel vir die latere jolyt. Sommiges was volgens die B Tema geklee.

**343 Wat maak oom Kalie daar:**
*Wat maak oom Hennie daar Wat maak oom Hennie daar*
*Oom Hennie wil nou BOER sowaar dit maak oom Hennie daar*
*Wat maak oom Bertie daar wat maak oom Bertie daar*
*Hy dra 'n BLIK so aan sy lyf dit maak oom Bertie daar*
*In die blik kry hy ' n geld dit maak oom Bertie daar*
*Wat maak oom Barry daar Wat maak oom Barry daar*
*Oom Barry dra 'n BONDEL op sy rug Dit maak oom Barry daar*
*Wat maak oom Pieter daar Wat maak oom Pieter daar*
*Oom Pieter dra 'n BLOU sis PAK Dit maak oom Pieter daar*
*Wat maak nig Diana daar Wat maak nig Diana daar*
*nig Diana dra 'n grote BLOM Dit maak nig Diana daar*

*351 Aanstap Rooies:*
Aan-stap An-na die pad is lank en swaar
*Die mense wag al daar en die koffie is al klaar*
*Aan–stap Lie-na die pad is lank en swaar*
*Die mense wag al daar en die koffie is al klaar*
*O laat julle stawwe swaai O laat julle stawwe swaai*
*Wieg julle koppe fraai en laat die voete waai.*



*332 Die Afrikaners is Plesierig:*
Berg en Dallers is plesierig Dit kan jy my glo
*Hulle hou van partytjies en dan maak hulle so*
*Eers jol die ou klompie en dan speel hulle saam*

*373 Kinders Moenie in die Water Mors nie:*
Spring Padda Spring Dat die perde kan galop
*Die eiers kom van ver af*
*Van Piet le Roux se plaas*
*Brei Meisie brei want Baba wil nou Dra*
*Die wol kom van ver af*
*Van an der man se kas*
*Kinders moenie met die water mors nie*
*die ou mense wil dit gooi*
*dit kom van ver af*
*van an der man se kraan*
*Gooi boeta gooi*
*Dat jy vir my kan sê hoe ver die afstand lê*

Daar was glo 'n wenner
Maar selfs die boom van goed en kwaad(Wilma)
Kon die wenner nie bepaal nie

<u>332 Die Afrikaners is Plesierig:</u>
*Berg en Dallers is plesierig Dit kan jy my glo*
*Hulle hou van partytjies en dan maak hulle so*
*Eers speel die ou klompie en dan eet hulle saam*

En kan hulle eet Bobotie, Pampoenkoekies, Brood, Byekonfyt en vele lekkernye soos net die Dames dit kan berei

Die aand is met Samesang afgesluit
Al het dit nou soms nie so ordelik *gebeur(verloop)* nie,
het almal dit terdeë geniet.



Van ons almal aan julle almal en van julle almal aan ons almal baie dankie vir 'n heerlike aand

<u>332 Die Afrikaners is Plesierig:</u>
*Berg en Dallers is plesierig Dit kan jy my glo*
*Hulle hou van partytjies en dan maak hulle so*
*Eers speel die ou klompie en dan eet hulle saam*
*Goeie nag my ou maatjie Goeie nag my ou vriend*
*Nog net 'n klein tydjie dan stap ons weer saam.*

Hendrik Vorster

Met erkenning en verskoning aan A D E Gutsche, S H Eyssen, B A De Wet, Dirkie de Villiers, M Casaleggio en C J Langenhoven vir die misbruik en verwoesting van hulle lirieke en verwerkings van F A K liedjies.

*Blomme laat hul geur na*
*op die hand wat hulle gee.*



# Hermanus Wegstap 18-22 Okt 2004

Om 08:00 vertrek Hennie, Annie, Lina, Lenie Barry,Louise , Christina en Ek vanaf die Krokodilplaas in George na Hermanus. By Buffeljags word daar afgetrek koffie gedrink en padkos geëet. Ons stop toe weer by die Ou Meul in Riviersonderent en almal koop pasteie en lekkergoed vir sie volgende dae.


Ons arriveer so teen half twee die middag by "Whale Come" ons pragtige dubbelverdieping woning vir die volgende vier nagte. Nadat almal afgepak en lekker tee gedrink het,het ons al langs die see op die uitgelegde voetpad gaan stap, net om elke paar minute stil te staan en ons te verstom aan die walvisse wat so na aan die strand gelê het. Ons het begin tel en teen die tyd dat ons so na 4 km omgedraai het, het ek maklik 40 getel. Barry hulle dink dat ek die selfdes weer oorgetel het maar Lina het saam met my boekgehou en sy sê ek was in die kol.
Daardie aand het ons heerlik saamgeëet om die groot eetkamertafel me. 'n Skuifdeur loop uit op 'n stoep met 'n pragtige uitsig oor die see.

Dinsdag oggend het ons om 08:00 aan die voet van die Langeberge bymekaargekom,- vergesel van Nicolene, 'n vriendin van Barry en Louise. Die roete na die driehoeksbaken, die hoogste van die voorstepieke in Hermanus het sommer steil begin, maar die kontoere na bo is so pragtig en die fynbos en blomsoorte so mooi dat ons baie moes stilhou om die sewejaartjies wittes, pienkes en die pragtigste geles te bewonder – die speldekussing Proteas was ook al vol in die blom. Ten spyte van die weervoorspelling vir groot reën, het ons in wonderlike sonskyn gestap. Ek moet bieg op een plek was die opgaan baie steil en die klippe los en teruggaan het vir my na so 'n maklike oplossing gelyk, maar moet nooit dink dat wanner julle saam met Berg en Dal stap dat soiets sommer gebeur nie. Hennie en Annie wat al bo was het van bo af geroep en vertel hoe mooi gelyk alles daar is. Lina het teruggekom en vir my druppels water laat sluk en haar sakdoek vir my in 'n kopdoek verander. Christina het gesê sy sal my na onder vergesel maar nie by die losklippe nie en so kan ek nou net juig en sê, ek was bo by die baken, want so met tussenpogings van tel tot by tien en dan 'n paar druppels water van Lina het my kop toe weer reg ingehaak. Dankie julle almal.


Woensdag oggend vertrek ons almal, weer vergesel van Nicolene na Bettiesbaai waar ons in die Harold Porter Natuurreservaat gaan stap. Dit is van die bes versorgde tuine waardeur ek nog gestap het. Ons kry 'n sleutel wat ons toelaat om die Luiperdskloof Roete te mag stap. Dit is 'n pragtige roete na bo en ons moes die rivier op 3 plekke kruis, nogal oor taamlik gladde rotse, maar ons is sterk en ons is goed! Volgens die plan bereik ons toe die einde van die roete by 'n pragtige Waterval waar ons toe middagete geniet. Net so 'n entjie weg is daar houtlere wat so teen die kranse uitgaan. Hennie reken toe dat as ons daar kan uitkom tot bo-op die berg, dan kan ons bolangs terugstap en so volg ons hom toe teen die lere uit. Daar was toe nie 'n pad uit nie en ons moes toe maar weer leerlangs af. Maar wat 'n gesig het ons daar ingewag, die mooiste, mooiste waterval en poele. Toe ons onder by die beginpunt kom het dit begin reën en almal het gaan koffie drink by die Restourant en daarna terug na "Whale- Come". Daardie nag het die reën behoorlik geval.

Daar is toe besluit om Donderdag die pad langs die see te stap, tot by die nuwe hawe, want indien dit sou reën kan ons makliker daaruit. Die 16 km heen en weer stap het met baie grappies en lekker stories gepaard gegaan en ons was vir oulaas baie geseënd om so baie Walvisse te sien.
Om op te som:
Dit was 'n week van harde werk en nie so harde werk nie, maar dit was goed en dit was mooi en O! So baie gesellig. Elke ete was 'n Feesmaal. Hermanus is 'n moet op elke jaarprogram

Anna van Niekerk









*Die natuur is 'n Geskenk van God aan ons*

*Waardeer dit, Bewaar dit en laat dit Ongeskonde aan die nageslag*





Vergesigte wat ons kan geniet

*Onthou! God sal jou nooit daarheen neem as Hy jou nie daardeur kan neem nie.*

~~~~~~~~~

*Vandag wil ek meer as lewe – Ek wil* ***groei*** *!*
*Vandag wil ek meer as net vriendelik wees – Ek wil 'n* ***vriend*** *wees!*



# Erkennings

## Foto's

Jeannette Kingwell

Wilna Albertyn

Chritina Smit

## Artikels

Hennie Mouton

Anna van Niekerk

Christine Lombard

Wilna Albertyn

Faan Straus

Rose Kuyper

Annette Erlank

## Tik van Artikels

Louise van Ginkel

En Almal wat ek per abuis nie genoem het nie, Jammer.

Dan ook net 'n spesiale woord van dank aan Anna vir die Bymekaarmaak en orden van die artikels.
~~~~~~~~~

